

WAT IS 'N VKB-AANDEEL WERD

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN COMPUTUS BESTUURSBURO

In sy biografie: *“En toe fire hulle my”* sê Jannie Mouton, die voorsitter van PSG: *“Die landboukoöperasies van Suid-Afrika het in die eerste plek my oë oopgemaak vir die waarde van ongenoteerde aandele.”* Hy motiveer: *“Twee weke na ons PAG oorgeneem het, is ek na Delmas om met die OTK of Oos-Transvaalse Koöperasie se mense te gaan gesels omdat ek snuf in die neus gekry het hulle wil noteer. Ons het OTK-aandele gekoop, dit met die maatskappy se notering verkoop en 'n wins van R3 miljoen gemaak. Dit was gróót in ons lewe daar in die beginjare van PSG.”* Hy voeg dan by: *“Die truuk is om te probeer koop waar daar nog beperkings is, en as die ou direksie nog sit en dus nog beheer het. Dan koop jy goedkoop – jy koop dalk selfs net die geboue teen 60% van die werklike waarde. Dit is iets wat ons by PSG baie goed verstaan. Maar jy moet geduld hê, want dié ondernemings se ratte draai stadig tot by 'n groter ingesteldheid op die kommersiële.”*

Die manier vorentoe vir landboumaatskappye is volgens Mouton dus om meer kommersieel te raak. By ökommersiëleö verwys hy na die verhandelbare aandeelwaarde van die eertydse koöperasies wat gedurende die afgelope aantal jare bykans almal in maatskappye omskep is. Hy verduidelik dan ook dat beheerstrukture en beperkings op aandeelhouding outydse meganismes is wat meebring dat aandele onder hul intrinsieke waarde verhandel. Volgens hom is dit soortgelyk aan 'n boer wat sy plaas net aan sy buurman mag verkoop. In so geval sal sy waarde nóóit dieselfde wees as wanneer hy dit op die vrye mark beskikbaar stel nie. Dit bring mens dan noodwendig by die vraag wat 'n VKB-aandeel op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE) werd sou wees, sou die direksie besluit om die beperkings op die verhandeling daarvan op te skort en VKB te noteer?

Histories oorsig

Landboukoöperasies het sedert 1910 'n groot rol in die landbousektor gespeel. Hulle was veral op vier gebiede betrokke naamlik die aankoop en verkoop van produksiemiddele en toerusting; die aankoop, opberg en verkoop van landbouprodukte; vervoerdienste en dan ook die finansiering van boere se kredietbehoefte. Die primêre doel daaragter was om hulle lede se ekonomiese aktiwiteite as kollektiewe bedinger saam te snoer sodat hulle beter toegang tot markte kon kry, voordeel uit die ekonomie van skaal kon trek en kon deel in projekte wat vir die boere as individue onbekostigbaar sou wees. Gevolglik is die inherente doelwit van 'n koöperasie om sy lede in staat te stel om 'n groter wins in sy eie reg te genereer sonder dat die koöperasie opsigself 'n onderneming met 'n winsoogmerk is.

In Suid-Afrika het die deregulering van landboumarkte en die onttrekking van regeringsbystand aan die landbousektor tot gevolg gehad dat die speelveld vir die landbousektor en gevolglik ook vir landboukoöperasies, fundamenteel verander het. Voor 1996 is koöperasies swaar deur die regering ondersteun en het elkeen ook nog as 'n monopolie in sy eie gebied gefunksioneer. Na deregulasie is hulle gedwing om vinnig by die nuwe omgewing aan te pas of alternatiewelik onder te gaan.

Die nuwe Koöperasiewet van 2005 het 'n verdere impak op die manier gehad hoe tradisionele landboukoöperasies gefunksioneer het. Hierdie wet beperk koöperasies se lidmaatskap tot natuurlike persone en beperk verder lede se stemreg tot een stem per lid. Landboukoöperasies het 'n groot aantal regs persone (BK's, maatskappye en trusts) as lede en het oor tyd ook 'n gediffersieerde stemreg ontwikkel waar lede proporsioneel tot hulle ekonomiese deelname aan die koöperasie kon stem. Die nuwe wet het dit helaas dus onhoudbaar vir tradisionele landboukoöperasies gemaak om op die ou manier te bly voortbestaan. Gevolglik het 'n groot aantal van hulle hulleself in landboumaatskappye omskep.

Huidige situasie

Volgens die registrateur van Koöperasie het ongeveer 90% van kommersiële koöperasies hulleself sedert 1993 in maatskappye omskep. Die verandering van 'n koöperasie, wat in sy natuurlike aard gebruiker (met klem op diens) geïoriënteerd is, na 'n maatskappy, wat in sy natuurlike aard belegger (met klem op wins) geïoriënteerd is, gaan gepaard met 'n radikaal nuwe siening in die doelwitte, stuktuur en doelstellings van die onderneming; die bestuur en beheer daarvan asook die prestasie en verwagtinge van die onderneming. As sulke omskepte koöperasies dan nog 'n stap verder gaan om hulleself op die JSE te noteer, kom daar 'n totaal nuwe organisatoriese styl in terme van wins en aandeelwaarde tot stand. Die aandeel self word dan die stert wat die hond waai omdat dit die enigste maatstaf van maatskappysukses word en dit gee dan die kommersiële waarde aan die eertydse koöperasies waarna Mouton streef.

Hoewel daar van die eertydse koöperasies soos Afgri, Clover en Pioneer Foods is wat hierdie pad geloop het, het verskeie omskepte koöperasies van hierdie kommersialisering probeer ontsnap deur die verhandelbaarheid van hulle aandele statutêr te beperk. Daardeur het hulle gepoog om steeds 'n karakter van diens, eerder as een van belegging, te bly handhaaf om steeds die koöperatiewe voordele aan hulle lede, of dan aandeelhouers, te kan bied ten spyte daarvan dat hulle nou maatskappye is.

Gevolge

Die baanrekord van maatskappye wat die noteringspad, met gevolglike volle kommersialisering van hulle aandele, gevolg het, lyk moontlik goed vanuit 'n belegger se oogpunt maar het niks goeie nuus vir boere ingehou nie, behalwe die aanvanklike oëwaarde-ontsluiting toe hulle hul aandele verkoop het. Clover en Afgri het eerstens besluit om hul hoofkantore vanuit die platteland na die stad te verskuif en beide het ook op grootskaal handelstakke wat na hulle oordeel nie winsgewend is nie gesluit. Pioneer Foods is in 2010 in totaal boetes van R695,7 miljoen deur die Mededingingskommissie opgelê omdat hulle by onmededingende praktyke binne die voedselbedryf betrokke was. Volgens die jongste statistiek het die aantal melkboere

van 7 077 in 1997 tot 2 713 in 2010 gedaal terwyl die aantal hektare onder koringverbouing van 1 075 000 in 1993 tot 558 000 in 2010 afgeneem het.

Die kommersialisering van tradisionele koöperasies se aandele kom teen 'n prys. Baie boere het uiteraard geval vir die groot somme geld wat die aanvanklike oëwaarde-ontsluiting van die omskepping na maatskappye meegebring het. Daardie maatskappye is nou grootliks uit boerehande en dit het 'n kommersiële produk vir beleggers geword. Die eerste boere is nou vir die res van hulle ekonomiese voortbestaan ontnem van die oorspronklike doel van daardie maatskappye naamlik om 'n groter wins in hul eie reg te genereer sonder dat die maatskappy self 'n onderneming met 'n winsoogmerk is. Die kortstondige waarde-ontsluiting kan dus nooit opweeg teen die langdurige ekonomiese bemagtiging wat 'n landboumaatskappy se aandeel vir 'n boer meebring nie.

Die kommersiële prys van 'n genoteerde VKB-aandeel op die JSE sal sekerlik baie potensiaal vir 'n belegger inhou maar die ekonomiese waarde daarvan in die hande van 'n boer is onmeetbaar. Ongelukkig het nie alle boere die selfdissipline om hulle gierigheid in dié opsig in toom te hou nie en daarom is 'n statutêre beperking op die verhandelbaarheid van 'n VKB-aandeel, hoewel 'n outydse meganisme, heeltemal geregverdig.

Daniëlsrus
Augustus 2012